


AfriForum

# Aanwysings vir die maak van 'n gesigmasker (patroon ingesluit)

## GESIGMASKERPATROON




## MATERIAAL

Die doel van die masker is om te keer dat klein druppels vog versprei wat moontlik die koronavirus kan bevat. 'n Mens moet egter ook deur die masker kan asemhaal. Vir die buitekantste materiaal is suiwer katoen (byvoorbeeld T-hempmateriaal of 'n katoenlaken of vadoeklap) of 'n katoenmengsel die beste. Linne- of wolmengsels werk ook, maar is minder doeltreffend. 'n Handige wenk is om die materiaal teen die lig te hou: Hoe minder lig dit deurlaat, hoe minder sal dit vogdruppels deurlaat vergeleke met materiaal wat meer lig deurlaat.

Die binnekantste materiaal of voering moet gemaklik teen die vel van die gesig wees. Katoen, poliësterkatoen en linnerayon is moontlikhede.

Gebruik tussen 150 mm en 180 mm plat rek wat tussen 4 mm en 6 mm wyd is om die masker oor die ore vas te hou. Ronde rek of deurgesnyde haarrekkies werk ook goed.


# STIKAANWYSINGS

## STAP 1: SNY DIE MATERIAAL UIT

Druk die patroon uit en sny die verlangde grootte uit. Maak seker dat dit volgens skaal is (gebruik die aangeduide lengte van die gedeelte wat onder die ken pas).

Vou die materiaal vir die buitekant dubbel en speld die patroon daarop vas. Sny nou die materiaal volgens patroon uit, maar sny 6 mm van die rand van die patroon af aan die neus-, ken- en wangsy om vir die stikwerk toe te laat, asook 25 mm ekstra vir die kant wat voor die oor pas. Jy het nou twee stukke vir die buitekant van die masker.

Vou die materiaal vir die voering dubbel en speld die patroon daarop vas. Sny die materiaal volgens patroon uit, maar laat weer 6 mm aan al vier sye toe vir stikwerk. Daar is nou twee stukke vir die voering van die masker.



## STAP 2: STIK DIE MIDDELNAAT

**Plaas die buitekante van die buitekantste materiaal op mekaar en stik die middelnaat wat oor die neus pas. Doen dieselfde met die voering.**




## STAP 3: STRYK DIE MIDDELNAAT OOP AS JY WIL

**Stryk die middelnaat oop om die materiaal plat te laat lê ('n paar klein snytjies in die ronding help ook). Dit vertoon beter, maar is nie noodsaaklik nie. Stryk eers van die een kant van die naat af en dan van die ander kant af omdat dit 'n geboë naat is.**






## STAP 4: HEG DIE BUITEKANTSTE MATERIAAL EN VOERING AAN MEKAAR

**Vou die materiaalstukke oop. Plaas nou die buitekantste materiaal met die buitekant na bo. Plaas nou die voering met die buitekant na onder bo-oor die buitekantste materiaal sodat die twee middelnate op mekaar pas en die vorms ooreenstem.**

**Vou nou die oorkant van die voering ongeveer 4 mm na die middelnaat se kant toe om en stryk dit plat. Speld die wang- en kensy met spelde vas en stik dit.**

**Dop die masker om sodat die buitekant nou buite is.**

**Druk of stryk die nate elkeen mooi plat. 'n Houstiksel kan vir netheid teen die wang- en kensye gestik word.**



## STAP 5: WERK DIE REKKE AAN

Plaas die masker met die buitekant na onder neer.

Plaas die rek sowat 10 mm van die rand van die oorsy af op die buitekantste materiaal aan die een kant van die masker.

Vou die kant van die oorsy van die buitekantste materiaal sowat 3 mm om en dan oor die rek tot sowat 5 mm van die voering se oorsy af en speld dit vas.

Stik hierdie kant met die rek binne-in vas. Gee 'n dubbele stiksel aan die begin en einde van die stiksel om dit teen die getrek van die rek te versterk. (Daar word dus 'n "pypie" gestik waarin die rek kan skuif.)
Maak seker dat jy nie die voering en die buitekant aan mekaar vaswerk nie, omdat hierdie opening gebruik kan word om ekstra beskerming in te skuif.

Werk die rek se twee punte stewig aan mekaar vas. Skuif die laspunt in die naat in as jy dit verkies.

Herhaal aan die ander kant.

Indien jy haarrekkies gebruik, kan jy die punte bo-op die omgevoude naat vaswerk by die twee hoeke of net onder die voering by die hoeke (dit sal nodig wees omdat 'n haarrekkie te kort sal wees om net so te gebruik).




## STAP 6: GEBRUIK DIE MASKER

Dra die masker met buitekantste materiaal na buite en die rekke oor jou ore.


Die masker moet teen jou gesig onder die oë en teen die wange sit en moet die kenlyn mooi toemaak.

'n Stukkie gevoude handdoekpaier kan tussen die voering en buitemateriaal ingesit word vir ekstra beskerming.

Haal die masker af deur die rekke om jou ore los te haak. Moenie aan die voorkant vat nie.

Haal die handdoekpapier uit en gooi dit weg. Was die masker met seep en warm water en hang dit in die son op om droog te word. Was daarna jou hande deeglik.

VOLGENDE BLADSY




**Maak seker dat die skaal korrek is wanneer jy die patroon uitdruk.** Die lengte van een kensy van die masker vir mans moet 105 mm lank wees.

Ons gee graag erkenning aan http://www.craftpassion.com vir die patroon en aan https://freesewing.org/docs/patterns/fu/instructions/ vir die instruksies.